HOËR VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

Plasketstraat Posbus 21 Graaff-Reinet Tel: 049 891 0514 Faks: 049 891 0515 hoof@hvsgrt.org.za www.hvsgrt.org.za

04 SEPTEMBER 2020

## HOëR VOLKSKOOL OUERS/VOOGDE EN LEERDERS

'n Baie mooi lentemaand word almal toegewens. Dit gaan baie goed by Hoër Volkskool en by Huis Cronjé. Ons pas nog steeds veiligheidsmaatreëls toe. Dit is belangrik dat ons by die skool en koshuis en buite die skool en koshuis nie nou gerus moet wees en die veiligheidsmaatreëls verslap nie. Dit is toewyding van almal wat betrokke is en Genade van Bo wat ons tot hier veilig en gesond hou. Die mense wat wel siek raak word 'n spoedige herstel toegebid. Dit bly belangrik dat ons eerlik sal wees, veral wat gesondheidskwessies betref. Dankie dat u die skool op hoogte hou van moontlike gesondheidsrisikos.

Die rotasiestelsel van leerders by die skool is goed aan die gang en werk goed in die praktyk. Die personeel en leerders het aangepas by die stelsel. Daar word daagliks baie belangrike akademiese werk by die skool gedoen. Die suksesvolle afhandeling van die akademiese jaar geniet nou 'n sterk prioriteit. 'n Ernstige beroep word op ouers/voogde en leerders gedoen om met die onderwysers saam te werk om goeie akademiese uitslae moontlik te maak. Veral ook die weke wanneer die leerders nie by die skool is nie moet noodsaaklike huiswerk gedoen word. Die ouers/voogde moet asseblief beheer uitoefen en seker maak dat die leerders, wie die betrokke week nie by die skool is nie, weeksdae 07:30 tot 13:30 (gewone skoolure) nie in die dorp rondbeweeg nie. Noodsaaklike afsprake kan onder ouertoesig plaasvind gedurende bogenoemde tye. Hierdie reëlings is so belangrik om dissipline te bevorder en sal tot die leerders se voordeel wees.

Die Departement van Onderwys stel dit duidelik dat alle leerders nie noodwendig in 2021 na 'n nuwe graad bevorder sal word nie. Dit maak sin dat slegs leerders wat hard werk en die vereiste standaard bereik bevorder sal kan word. Dit is vir die skool belangrik om leerders goed voor te berei met die oog op hulle vermoë om in 2021 te kan vorder in 'n volgende graad. Die onderwyspersoneel van ons skool sal altyd bereid wees om leerders te help wat bereid is om hard te werk.

Netheid is ook belangrik om 'n atmosfeer te skep van dissipline wat ons Trots Volkskool-standaard bevorder. Leerders moet altyd netjies wees. Skooldrag, wat op Maandag en Vrydag gedra word, moet volgens die gedragskode van die skool wees. Die sportdrag, wat op Woensdae gedra word, moet 'n amptelike Volkskoolhemp wees met 'n skoolsweetpak. Die gewone klere, wat Dinsdae en Donderdae gedra word, moet netjies en volgens die reëls van gewone klere by die skool wees. Leerders het nie 'n verskoning indien hulle persoonlike netheid nie op standaard is nie. Ouers/voogde moet ons asseblief ondersteun in hierdie saak. Netheid getuig van karakter wat 'n mens se benadering tot die lewe bepaal.

Die proses om 'n leerlingraad vir 2021 te kies het nou begin. Die leerders moet nominasies maak en 'n stemming hou volgens die regulasies wat bestaan. Dit is belangrik dat hierdie jong leiers die voorbeeld sal stel om 'n trotse Volkskoler te wees. Hierdie moet nooit 'n gewildheidskompetisie wees nie. Hulle wat staan vir dit wat reg en verkeerd is in die lewe is die leiers wat ons nodig het.

Die skool het begin met 'n lootjiekompetisie. Die R30-00 lootjies kan aanlyn of per hand by die skool gekoop word. Hierdie is 'n projek van die personeel. Daar is opwindende pryse wat gewen kan word. Die geld wat ingesamel word sal tot voordeel van almal wat by die skool betrokke is aangewend word. U sal op hoogte gehou word van ons vordering.

Ons kernwaarde vandag is ***"GETROUHEID"*** in ***alles*** wat ons aanpak – dan sal ons die regte pad stap.

Ek bid u Rykste Seëninge toe.

Volkskoolgroete.

J T DöRFLING
SKOOLHOOF